
La Motte

*a culture of excellence*

# Deurdagte Reis – 'n viering van vrouekunstenaars
# Thoughtful Journey – a celebration of female artists

## Adele White (1931 – 1987)



White is in 1931 in Kaapstad gebore en het in 1947 aan die Loreto-klooster in Seepunt gematrikuleer. Van 1948 tot 1953 was sy 'n kunsstudent aan die Michaelis-kunsskool, met Rupert Shephard en Maurice van Essche as leermeesters. In 1953 het sy die MacIver-beurs vir skilderkuns ontvang. Op grond van Van Essche se voorstel het sy vanaf 1955 twee jaar lank aan die Nationaal Hoger Instituut voor Schone Kunsten in Antwerpen gestudeer. In daardie jaar het sy die Prijs Phillip Opperman gewen en is sy as een van 20 studente gekeur om 'n studietoer na Noord-Italië te onderneem.

Terug in Kaapstad, in 1956, het sy haar eerste solo-uitstalling by die Small Gallery Association of Arts in Kaapstad gehou. Van 1957 tot 1960 is haar solo uitstalings in Pretoria, die Lodschi galery in Durban, DS Vorster-galery, Helen de Leeuw-galery en die Durban-galery vertoon.

In 1957 het sy na Johannesburg verhuis, waar sy tot 1961 gewoon het. In 1959 het sy die Nasionale Onderwys-sertifikaat verwerf en aan Jeppe Girls High School, Redhill in Johannesburg en by Hackney, aan die oostekant van Londen, onderwys gegee.

Vanaf 1961 het White twee jaar lank deur Europa, Spanje, Griekeland en Londen getoer. Tydens die reise het sy ***Marjorie Wallace*** en Jan Rabie ontmoet terwyl sy in Plaka gebly het. Groep-uitstallings gedurende hierdie tydperk het die tweede vierjaarlikse uitstalling van Suid-Afrikaanse Kuns ingesluit, waar sy Suid-Afrika by die Ghent International Fair en *Artists of Fame and Promise* verteenwoordig het.

In 1964 het White nog twee solo-uitstallings gehou – in die Adler Fielding-galery in Johannesburg en Drian Galery in Porchester Place, Londen. Werke by die uitstallings het bewys gelewer van haar ervaring en inspirasies gedurende die twee jaar waartydens sy deur Europa getoer het. In dieselfde jaar het mnr Pilkington van Piccadilly Galery twee van haar werke gekeur vir insluiting by die Londense uitstalling van Suid-Afrikaanse Kuns.

White het haar kunsaktiwiteite volgehou tot haar dood in 1987, terwyl sy in Kaapstad gewoon het.

White was born in Cape Town in 1931 and matriculated at Loreto Convent in Sea Point in 1947. From 1948 until 1953 she was an art student at the Michaelis School of Art under Rupert Shephard and Maurice van Essche. In 1953 she received the MacIver Scholarship for painting. Upon Van Essche's suggestion she studied at the Nationaal Hoger Instituut voor Schone Kunsten in Antwerp for two years, until 1955. During the same year she won the Prijs Phillip Opperman and was selected as one of 20 students to undertake a study tour to Northern Italy.

Back in Cape Town, in 1956, she held her first solo exhibition, at the Small Gallery Association of Arts in Cape Town. From 1957 to 1960 her solo exhibitions were on show in Pretoria, the Lodschi Gallery in Durban, DS Vorster Gallery, Helen de Leeuw Gallery and Durban Gallery.

In 1957 she moved to Johannesburg, where she lived until 1961. In 1959 she obtained her National Teaching Certificate and taught at Jeppe Girls High School and Redhill in Johannesburg. Abroad she taught at Hackney on the eastern side of London.

From 1961 White travelled Europe, Spain, Greece and London for two years. During these travels she met ***Marjorie Wallace*** and Jan Rabie while she was staying in Plaka. Group exhibitions during this period included the Second Quadrennial of South African Art, where she represented South Africa at the Ghent International Fair and *Artists of Fame and Promise*.

White held another two solo exhibitions in 1964 – at Adler Fielding Gallery in Johannesburg and Drian Gallery in Porchester Place, London. Works at these exhibitions served as proof of her experience and inspirations gained during the two years of travelling through Europe. During the same year Mr Pilkington of Piccadilly Gallery selected two of her works for inclusion in the London exhibition of South African Art.

White continued her practice of creating art until her death in 1987, while living in Cape Town.


Bronne / Sources:

Adler Galleries. 1964. *Adele White*. Exhibition invitation.
Available: www.pelmama.org/PDFs/AdeleWhite_AFG_1964.PDF

Photo: Adele White on the cover of the invitation of a 1964 solo exhibition at the Adler Galleries in Johannesburg. Available: www.pelmama.org




White, Adele (1931 – 1987)
*Head of a woman,* [s.a]
Olieverf op doek / Oil on canvas

Versameling / Collection:
Rupert Kunsstigting / Rupert Art Foundation, Stellenbosch